basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## EKONOMIE V2

## FEBRUARIE/MAART 2018

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 16 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

1.1.1 B die Johannesburgse Sekuriteitebeurs ✓✓
1.1.2 C zero ✓✓
1.1.3 A/C gedifferensieerd/uniek ✓✓
1.1.4 D verklein ✓✓
1.1.5 A/C stagflasie/hiperinflasie ✓✓
1.1.6 C dag ✓✓
1.1.7 D objektiewe ✓✓
1.1.8 B arbeids ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PASITEMS

1.2.1 D – totale inkomste is gelyk aan totale koste ✓

1.2.2 F – 'n groot aantal kopers en verkopers ✓

1.2.3 H – 'n voorbeeld van stilswyende samespanning in 'n oligopoliemark met betrekking tot prysbepaling ✓

1.2.4 E – skep 'n oorskot aanbod van arbeid ✓

1.2.5 I – besoek museums en kunsgalerye ✓

1.2.6 C – neem besluite oor repo(terugkoop)koers ✓

1.2.7 G – bestuur die omgewing op so 'n wyse dat alles in stand gehou word ✓

1.2.8 A – beheer deur die owerheid ✓ (8 x 1) (8)

### 1.3 GEE EEN TERM

1.3.1 Subsidie ✓
1.3.2 Sluitingspunt ✓
1.3.3 Duopolie ✓
1.3.4 Kerninflasie ✓
1.3.5 Nie-hernubare ✓
1.3.6 Infrastruktuur ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 **Gee enige TWEE voorbeelde van veranderlike koste.**

- Grondstowwe ✓
- Elektrisiteit / Water ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoekom is dit vir nuwe besighede moeilik om tot 'n oligopoliemark toe te tree?**

- Hoë aanvangskapitaal word vereis/bestaande besighede mag aggressiewe bemarking aanwend wat duur is ✓✓
- Moeilik om mee te ding met bestaande gevestigde handelsmerke a.g.v. hoë advertensiekoste ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Watter markstruktuur word hierbo uitgebeeld?**

Volmaakte mededinging ✓ (1)

2.2.2 **Wat is die markprys waarteen die besigheid sy/haar produk sal verkoop?**

R50 ✓ (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die term *geleentheidskoste*.**

Die waarde van die tweede beste alternatief wat prysgegee moes word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.4 **Hoekom is dit vir 'n enkele besigheid nie moontlik om sy verkoopprys aan te pas nie?**

- Daar is baie verkopers in die mark en 'n enkele besigheid het 'n baie klein invloed op die markprys ✓✓
- Hulle is prysnemers; as hulle pryse verhoog verloor hulle kliënte / Indien hulle pryse verlaag maak hulle 'n verlies ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.2.5 **Verduidelik die uitwerking op die mark op lang termyn as die besighede hierbo in 'n volmaakte mark 'n ekonomiese wins maak.**

- Dit trek nuwe toetreders tot die mark aan wat sal lei tot die markaanbodkromme wat verskuif na regs ✓✓
- Markewewigsprys sal daal wat winste verlaag ✓✓
- Normale wins sal oor die langtermyn gemaak word ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer die tipe monopolie wat in die spotprent uitgebeeld word.**

Kunsmatige ✓ (1)

2.3.2 **Hoeveel besighede oorheers gewoonlik hierdie tipe mark?**

Een ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf die *aard van die produk* wat deur 'n monopolie geproduseer word.**

Die produk is uniek. Daar is geen naby-substitute vir die produk nie ✓✓ (2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)

2.3.4 **Hoe word natuurlike monopolieë geskep?**

Natuurlike monopolie ontstaan deur:
- te assosieer met hoë ontwikkeling- of insetkoste ✓✓
- besit of gereguleer te word deur die owerheid ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

2.3.5 **Hoekom sal hierdie monopolis oor die lang termyn altyd ekonomiese wins maak?**

Die monopolis sal altyd 'n ekonomiese wins oor die langtermyn maak omdat:
- toetrede van ander besighede tot die mark beperk is a.g.v. hindernisse tot toetrede. Toetrede is geblokkeer ✓✓
- hierdie monopolis het 'n patent wat hom die eksklusiewe reg tot vervaardiging van 'n produk gee ✓✓
- monopolieë produseer gewoonlik minder as die markvraag om hul produkte teen 'n hoër prys te verkoop ✓✓
- as die monopolis 'n verlies oor die korttermyn maak, kan hy pryse aanpas om ekonomiese wins oor die langtermyn te maak ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 2) (4)

2.4 **Verduidelik die doelwitte van Suid-Afrika se anti-monopolistiese beleid.**

- Bevorder ekonomiese transformasie in die ekonomie deur te verseker dat daar geen beperking tot toetrede in enige nywerheid is nie ✓✓
- Verlaag ekonomiese mag van groot besighede in Suid-Afrika om 'n meer gelyke verdeling van inkomste en welvaart te bereik ✓✓
- Help Suid-Afrikaanse besighede om meer mededingend te raak / laer pryse ✓✓
- Verseker dat Suid-Afrikaanse mededingings-wetgewing in lyn is met internasionale standaarde ✓✓
- Dit voorkom monopoliee en ander magtige besighede om hul mag te misbruik ✓✓
- Reguleer die vorming van samesmeltings wat markkrag uitoefen ✓✓
- Stop ondernemings in die gebruik van beperkende praktyke soos prys-vasstelling en verdeling van markte ✓✓
- Reguleer die oordrag van eienaarskap in lyn met publieke belang ✓✓
- Alle Suid-Afrikaners kry ‘n gelyke geleentheid om regverdig aan die ekonomie deel te neem ✓✓
- Verskaf markte waar verbruikers toegang het tot vrye keuse in hoeveelheid en verskeidenheid ✓✓
- Verskaf ‘n omgewing wat effektief meeding in interne markte ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir die blote opnoem van feite/ voorbeelde) (4 x 2) (8)

2.5 **Hoekom span oligopolieë dikwels saam, alhoewel dit onwettig is in Suid-Afrika?**

Samespanning tussen oligopolieë kom voor omdat:
- dit is ‘n poging om onsekerheid te verminder ✓✓
- hulle kan die voordeel van hoe winste geniet en keer dat ander besighede die mark binnekom (om die mark te beheer / om ‘n kollektiewe monopolie te vorm) ✓✓
- die koste van besigheid in 'n oligopoliemark baie hoog is, daarom gebruik besighede nie-prysmededinging soos advertensies, en dit kos baie ✓✓
- besighede is interafhanklik en groot bedrae geld word dikwels vereis om ander se optrede te monitor ✓✓
- dit verhoog die besigheid se totale koste om sake te doen ✓✓
- dit lei dikwels daartoe dat besighede betrokke raak in samewerking met ander, eerder as mededinging, alhoewel dit onwettig is in Suid-Afrika ✓✓

('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) **[40]**

## VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 **Noem enige TWEE maatreëls wat deur die owerheid gebruik word om omgewingsvolhoubaarheid te verseker.**

- Omgewingsbelasting / Groen belasting ✓
- Omgewingsubsidies ✓
- Uitreik van omgewingspermitte ✓
- Beheer en kontrole ✓
- Vrywillige ooreenkomste ✓
- Onderwys ✓
- Toeken van eiendomsregte ✓
- Heffing vir die gebruik van die omgewing ✓ (2 x 1)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.1.2 **Wat glo monetariste is die hoofrede vir inflasie?**

Die <u>styging 'n die land se totale geldvoorraad</u> wat lei tot 'n styging in die vraag na goedere en dienste ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer EEN oorsaak van vraagtrekinflasie in die inligting hierbo.**

- Minder spare ✓
- Maklike toegang tot krediet ✓ (1)

3.2.2 **Identifiseer EEN oorsaak van kostedrukinflasie in die inligting hierbo.**

- Natuurrampe ✓
- Hoër lone ✓ (1)

3.2.3 **Beskryf kortliks die term *inflasie*.**

Inflasie is ‘n volgehoue en aansienlike styging in die algemene pryspeil ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.2.4 **Wat is die hoofinstrument wat deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik word om inflasie te beheer?**

Repokoers / Rentekoerse ✓✓ (2)

3.2.5 **Hoekom is die SARB bekommerd oor die uitwerking van inflasie op die betalingsbalans?**

Die uitwerking van inflasie op die betalingsbalans bekommer SARB omdat:
- handel tussen lande negatief geraak sal word ✓✓
- dit moeilik is om goedere uit te voer want dis duurder ✓✓
- uitvoere sal afneem wat 'n tekort op die betalingsbalans skep ✓✓
- geld geleen moet word wat 'n verdere las skep veral vir die belastingbetaler ✓✓
- Inflasie het 'n groot uitwerking op wisselkoersstabiliteit, wat mag lei daartoe dat buitelandse beleggers hul beleggings onttrek ✓✓ (Enige 2 x 2)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

3.3 **DATARESPONS**

3.3.1 **Identifiseer die mees besoedelde stedelike gebied in Suid-Afrika in die inligting hierbo.**

Hartebeespoort (1)

3.3.2 **Watter organisasie, in die inligting hierbo, koppel gesondheidsrisiko's aan lugbesoedeling?**

Wêreld Gesondheidsorganisasie ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term lugbesoedeling.**

Die vrystelling van giftige gasse in die atmosfeer ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.4 **Waarom is besoedeling as gevolg van produksie so 'n ernstige probleem?**

Besoedeling a.g.v. produksie beïnvloed die hele omgewing – die land, see en atmosfeer, en sluit suurreën, rook, gasse, toksiese chemikalieë en plaagdoders in, dit veroorsaak siektes, (gesondheidsrisiko's) wat aardverwarming veroorsaak en die osoonlaag beskadig ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

3.3.5 **Hoekom is die groot stede in Suid-Afrika die meeste besoedel?**

- Hoë verkeersopeenhoping lei tot hoë koolstofgasuitlatings ✓✓
- Daar is 'n aantal fabrieke wat bydra tot die vrystelling van giftige gasse in die atmosfeer ✓✓
- Hierdie stede is meer geïndustrialiseerd omdat sulke produksie in fabrieke kan lei tot vrystelling van kweekhuisgasse ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

3.4 **Beskryf kortliks die negatiewe uitwerking van toerisme op die omgewing.**

- Die konstruksie van toeriste fasiliteite soos oorde lei tot die vernietiging van die natuurlike omgewing (fauna en flora) ✓✓
- Toeriste is dikwels gewillig om hoër pryse vir goedere en dienste te betaal, en beïnvloed die lewenskoste van plaaslike inwoners naby toeriste aantreklikhede ✓✓
- In natuurlike gebiede soos berge, raak toeriste betrokke by aktiwiteite soos ekspedisies waar hulle afval strooi soos kampeertoerusting ✓✓
- 'n groot aantal toeriste mag druk plaas op 'n land se infrastruktuur ✓✓
- Bederf die uitsig en landskap deur toerisme infrastruktuur ✓✓
- Geraas, lug en waterbesoedeling deur toeriste-aktiwiteite ✓✓
- Ontwikkeling van toeriste fasiliteite op skaars grond ✓✓
- Effek op bevolkingsdinamika soos migrasie en toenemende stedelike digtheid tesame met ‘n daling in die bevolking in ander landelike gebiede ✓✓ (4 x 2) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 4 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde)

3.5 **Hoe dra die owerheid tot hoër inflasie by?**

Die owerheid dra tot hoër inflasie by deur:
- verhoogde staatsbesteding sonder 'n verhoging in die totale aanbod veroorsaak prysstygings ✓✓
- besteding op kapitale projekte bv. paaie, behuising, ens. wat die ekonomiese kapasiteit oorskry, laat pryse styg ✓✓
- verhoogde besteding op verbruik soos onderwys, gesondheid en veiligheid ✓✓
- besteding van groot bedrae in die maatskaplike sektor omdat hulle die nodigheid voel om werkloosheid en armoede te verminder ✓✓
- leen van geld om vlakke van maatskaplike toelaes tot 'n hoër vlak as die inflasiekoers te verhoog ✓✓
- verlaging van persoonlike inkomstebelasting wat groter verbruikersvraag skep ✓✓
- verlaging van maatskappybelasting/invoerbelasting wat sal lei tot verhoog produksie en invoere ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 2 punte mag toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde) (8)
**[40]**

## VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 **Gee enige TWEE redes waarom owerhede belasting op toerisme hef**.

- Verhaal eksterne koste ✓
- Verhoog staatsinkomste ✓
- Handhaaf infrastruktuur ✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2 x 1) (2)

4.1.2 **Hoekom stel die owerheid soms minimum pryse (onderste prysgrense) vir sekere produkte vas?**

Stel die produsent in staat om 'n wins te maak en moedig hulle aan om belangrike noodsaaklike goedere te verskaf ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer EEN voorbeeld van 'n monopolistiese mededinger in die inligting hierbo.**

- Pizza hut ✓
- McDonalds ✓
- Burger King ✓
- KFC ✓
- Jollibee ✓
- Chowking ✓ (1)

4.2.2 **Watter woord in die inligting hierbo suggereer dat 'n monopolistiese mededinger 'n kombinasie van twee markstrukture is?**

Hibriede ✓ (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term normale wins.**

Dis die wins wat voldoende is om te verseker dat die entrepreneur voortgaan met produksie/minimum vergoeding vereis om te voorkom dat die entrepreneur die produksietak verlaat en sy/haar produksiefaktore elders aanwend ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.4 **Hoekom is die vraagkromme van 'n monopolistiese mededinger meer elasties as dié van 'n monopolie?**

Die produkte van 'n monopolistiese mededinger is <u>goeie substitute</u> ✓ in teenstelling met die monopolis waar daar <u>geen naby-substitute</u> bestaan nie ✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.2.5 **Hoe speel handelsmerke 'n sleutelrol in 'n monopolisties mededingende markstruktuur?**

Handelsmerke speel 'n sleutelrol in monopolistiese mededingende markte deurdat:

- Elke besigheid 'n effens gedifferensieerde produk verkoop. ✓✓
- Dit word op die opinie van verbruikers gebaseer ✓✓
- Bou kliënte lojaliteit waar 'n verbruiker een produsent bo 'n ander verkies ✓✓ bv. Checkers se geen-naam merk ✓ (2 x 2)
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Gee die naam van EEN stad in die uittreksel waar klimaatsveranderingkonferensies gehou is.**

- Kyoto ✓
- Berlyn ✓
- Durban ✓ (1)

4.3.2 **Identifiseer die internasionale organisasie in die uittreksel hierbo wat klimaatveranderingkonferensies inisieer.**

Verenigde nasies / VN ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf hoe kweekhuisgasse tot aardverwarming bydra.**

Vorm 'n kombers wat die hitte binne die aarde se atmosfeer vasvang / ‘n Groter kweekhuiseffek sal oseane verwarm en smelt gletsers gedeeltelik, wat die seevlak verhoog ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.4 **Hoe kan 'n groenfonds help om aardverwarming te verminder?**

Dit kan die daarstelling en gebruik van hernubare (skoon/ eko-vriendelike energie) moontlik maak ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (2)

4.3.5 **Hoekom neem aardverwarming toe ten spyte van die baie internasionale konferensies oor klimaatsverandering?**

Aardverwarming styg omdat:


- regerings, as partye tot internasionale ooreenkomste, nie in staat of belangstel in die implementering van ooreenkomste nie ✓✓
- stygende konflik tussen die doelwit om aardverwarming om te keer en toenemende ekonomiese ontwikkeling ✓✓
- Industrieë stel meer belang in stygende winste, wat net moontlik is as produksie styg ✓✓
- Stygende produksie saam met vrystelling van kweekhuisgasse, lei tot aardverwarming ✓✓
  (Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) Enige (2 x 2) (4)

4.4 **Beskryf kortliks die fiskale maatreëls wat gebruik kan word om vraagtrekinflasie te beveg.**

- 'n Styging in <u>direkte belasting</u> bv. LBS om buitengewone hoë vraag in die ekonomie te verminder ✓✓
- 'n styging in <u>indirekte belasting</u> bv. BTW sal die vraag na baie goedere verlaag ✓✓
- 'n <u>leningsheffing</u> kan ingestel word om lenings te ontmoedig ✓✓
- <u>Verminder staatsbesteding</u> deur die uitstel van sekere projekte ✓✓
- Hef 'n <u>bobelasting</u> op ingevoerde goedere om die vraag te verlaag ✓✓
- <u>Finansier die begrotingstekort</u> uit die nie-banksektor in stede van die banksektor waar hoër rentekoerse geld ✓✓ (4 x 2) (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
('n Maksimum van 4 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/ voorbeelde)
(Monetêre maatreëls mag nie aanvaar word of bepunt word nie)

4.5 **Trek 'n volledig benoemde grafiek om ekonomiese wins in 'n monopoliemark te illustreer.**




Puntetoekenning:

1. Korrekte benoem van asse 1 punt
2. Benoeming op asse 1 punt
3. Aandui van winsmaksimering (MI=MK) 2 punte
4. Korrekte trek en benoem van MK-kromme 1 punt
5. Korrekte trek en benoem van Gk-krommein verhouding tot GI-kromme 1 punt
6. Korrekte arseer/posisie van ekonomiese wins 2 punte

**Total: 8 marks**

LET WEL: As kandidate die langtermynwins getoon het, ken punte toe. (8)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

**AFDELING C**

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

**VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**

- **Bespreek die volgende oorsake van markmislukking sonder om enige grafieke te gebruik:**
  - **Eksternaliteite (13 punte)**
  - **Onvolmaakte markte ('missing markets') (13 punte) (26 punte)**
- **Verduidelik met die hulp van 'n grafiek die uitwerking van 'n negatiewe eksternaliteit op produksievlakke. (10 punte) [40]**

**INLEIDING**

Markmislukking impliseer dat die bes moontlike hulpbronne of optimale produksie-uitset nie bereik is nie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 2)

**HOOFDEEL**

**EKSTERNALITEITE**
- Somtyds geld ideale marktoestande en die meganismes van die mark werk perfek, alhoewel die <u>mark nie optimaal produseer nie</u> ✓✓
- Met negatiewe eksternaliteite, word goedere oor-geproduseer (omdat die produksiekoste nie by die markprys ingesluit nie) en by positiewe eksternaliteite onderproduksie vind plaas (omdat die voordeel <u>nie by die markprys ingesluit is nie)</u>
- Beide lei tot die <u>wantoedeling van hulpbronne</u> ✓✓
- Newe-effekte van produksie en verbruik aktiwiteite wat 'n uitwerking op mense wat nie by die aktiwiteit betrokke is nie ✓✓
- In sekere omstandighede, wen sekere mense terwyl ander verloor. Dis omdat eksternaliteite voorkom ✓✓
- Eksternaliteite is die koste en voordele (oorspoel-effek of derdeparty effek) wat private koste en voordele omskakel in sosiale koste en voordele ✓✓

**<u>LET WEL: DIE KANDIDAAT MOET DIE BOGENOEMDE KWESSIES AANSPREEK OM VOLPUNTE TE VERDIEN</u>**

**Private koste** ✓
- Interne koste staan ook as private koste bekend ✓✓
- Dis gewoonlik die koste wat verbruikers aangaan wanneer hulle goedere en dienste koop ✓✓ Bv. 'n familie koop 'n motor ✓

**Private voordele (interne voordele)** ✓
- Hierdie voordele is van toepassing op diegene wat goedere koop en goedere produseer ✓✓
- Bv. die familie geniet die gebruik van die motor en die produsent verkoop dit (wins) ✓

**Sosiale koste** ✓
- Dis die koste van goedere en dienste aan diegene wat dit skep en die gemeenskap

in sy geheel ✓✓
- Bv. besoedeling wat deur afvalprodukte geskep is soos bande, batterye, olie ✓
- Geen waarde word gegee vir hierdie ekstra of eksterne koste nie omdat geen markprys daarvoor bestaan nie ✓✓

**Sosiale voordele ✓**
- Partykeer is eksternaliteite positief, bv. munisipaliteite verskaf skoon water, waarvoor verbruikers betaal ✓✓✓
- Verbruikers betaal vir die private voordeel, terwyl die gemeenskap die voordeel geniet van minder siektes a.g.v. besoedelde water ✓✓
- 'n gesonder werksmag werk meer produktief en is minder afwesig van werk ✓✓
- Hierdie staan bekend as eksterne voordele ✓✓
- Private voordele plus eksterne voordele is gelyk aan sosiale voordele ✓✓ (13)

**ONVOLMAAKTE MARKTE / PUBLIEKE GOEDERE ('MISSING MARKETS')**

- 'n Aansienlike markmislukking is die gebrek om sekere goedere en dienste te produseer, ongeag of dit benodig word of nie ✓✓
- Dis verwant aan publieke goedere eerder as private goedere ✓✓
- Markte kan slegs presteer onder sekere omstandighede en as hierdie toestande afwesig is, sukkel markte om te bestaan ✓✓

**Gemeenskaplike goedere ✓**
- Hierdie is goedere soos die weermag, polisiediens, korrektiewe dienste, straatligte ✓
- Gratis vir almal se gebruik en dikwels uitgebuit en vermors deur sekere gebruikers tot die nadeel van ander gebruikers ✓✓

**Kollektiewe goedere ✓**
- Hierdie is goedere soos parke, stransfasiliteite, strate, sypaadjies, paaie, brûe ✓
- Hulle word privaatbesit en kan deur baie mense gebruik word sonder ‘n daling in die hoeveelheid ✓✓
- Goedere wat spesiaal gekenmerk word as dit moontlik is om parasiete (free-riders) uit te sluit by die heffing van fooie en tolgelde ✓✓

**Publieke goedere ✓**
- Gemeenskaps- en publieke goedere staan bekend as publieke goedere ✓✓ Hulle het twee eienskappe:
- <u>Nie-mededingend</u> ✓ die verbruik deur een persoon verminder nie die verbruik van 'n ander persoon nie ✓✓
- Bv. 'n ligtoring of straatlig ✓
- <u>Nie-uitsluitbaarheid</u> ✓ die verbruik van 'n goed kan nie beperk word tot diegene wat daarvoor kan betaal nie – daar is ook parasiete ✓✓
- Mense geniet die produk sonder om daarvoor te betaal bv. radio- en TV-lisensie ✓✓
- Publieke goedere is hoog in aanvraag maar word nie deur die mark voorsien nie, omdat winsgrense laat is en die hoe koste van kapitaal om dit te voorsien ✓✓
- Publieke goedere word nie voorsien van 'n markprys nie omdat produsente nie die goedere kan weerhou van nie-betalers nie en daar geen manier bestaan om die hoeveelheid verbruik, te bepaal nie ✓✓


**Merit good** ✓
- Hoogs wenslik vir algemene welsyn maar nie hoog aangeslaan deur die mark nier ✓✓
- Bv. gesondheidsorg, onderwys en veiligheid ✓
- As mense die markprys moet betaal, sal baie min verbruik word ✓✓
- Die mark mislyuk omdat die mark minder as die verlangde hoeveelheid produseer ✓✓

**Nie-meriete goedere** ✓
- Dit word as oorverbruikte goedere beskou bv. sigarette ✓✓
- Hoe meer van die goedere geproduseer word, as wat sosiaal wenslik is ✓✓
- Die owerheid verbied of verminder verbruik, van hierdie produkte deur belasting, en verskaf inligting aan die bevolking rakende hul skadelike effekte ✓✓ (13)

('n Maksimum van 8 punte kan toegeken word vir blote opnoem van feite/voorbeelde)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

**NEGATIEWE EKSTERNALITEIT**




**Puntetoekenning:**
Korrekte benoem van asse = 1 punt
Benoeming op asse = 1 punt
Korrekte trek en benoem van oorspronklike vraag en aanbodkrommes = 1 punt
Korrekte trek en benoem van $A_1$ = 1 punt
Verskuiwing in aanbod = 2 punte
**Totaal: 6 punte**

- By punt a, is die prys gehef vir die goed P en Q die hoeveelheid wat verkoop word ✓✓
- Dit verteenwoordig die private koste ✓✓
- As dit moontlik was om die eksterne koste te bereken, kon private koste bygevoeg word ✓
- As verbruikers die volle koste (sosiale koste) moes betaal, sal 'n ander ewewig voorkom by b, gegewe 'n hoër prys P1 en verminderde uitset van Q1 ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 6)

**SLOT**

Markmislukking kan ‘n vernietigende uitwerking hê, behalwe as die owerheid inmeng en dit verminder ✓✓ (Maks 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante hoër orde antwoord)

**[40]**

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES**

- **Bespreek die voordele van toerisme vir:**
  - **Besighede (10 punte)**
  - **Infrastruktuur (8 punte)**
  - **Huishoudings (8 punte) (26 punte)**
- **Hoe kan toerisme-aantreklikhede in minder gewilde bestemmings suksesvol bemark word? (10 punte)**

**INLEIDING**

Toerisme is die aktiwiteite van mense wat reis en bly in plekke buite hul gewone omgewing vir nie meer as een aaneenlopende jaar vir ontspanning, besigheid of ander doeleindes ✓✓

(Enige ander relevante inleiding) (Maks 2)

**HOOFDEEL**

**Besigheidsektor**

- Toerisme stimuleer besigheid in gebiede soos akkommodasie en vermaak ✓✓
- Die konstruksiebedryf, in privaat-publieke vennootskap met die owerheid om infrastruktuur, vervaardiging sektor en rekreasie sektor te verskaf, word almal bevoordeel deur toenemende vraag na toerisme ✓✓
- Die voorheen benadeelde gemeenskappe kry entrepreneurskap geleenthede deur die swart ekonomiese bemagtigingskemas ✓✓
- 'n groot aantal mense kry sakegeleenthede in die informele sektor ✓✓ bv. verkoop van artefakte ✓
- Plaaslike kleinhandelaars kan 'n toename in verkope (en winste) ervaar a.g.v. styging in vraag by toeriste ✓✓
- Private besighede en die owerheid werk in vennootskap om infrastruktuur nodig vir toerisme te verskaf ✓✓
- Dit verhoog die markaandeel van en inkome aan hierdie besighede ✓✓
- Laat bestaande besighede toe om die kwaliteit en verskeidenheid van hul produkte te verbeter ✓✓
- Laat natuurlike monopolie bv. Tafelberg Kabelweg om abnormale winste te maak ✓✓
- Die publieeke sektor verskaf ‘n verskeidenheid finansiele aansporings aan die privaatsektor vir toerisme investering (toelaes, subsidies, lenings, belastingafslag)

(10)

**Infrastruktuur-ontwikkeling**

- Genoegsame en goed-onderhoude infrastruktuur is noodsaaklik vir toeriste bestemmings ✓✓
- Plaaslike inwoners deel hierdie infrastruktuur met toeriste ✓✓
- Die staat prioritiseer dikwels ekonomiese infrastruktuur soos hawens en strande ✓✓
- Bykomend tot fisiese en basiese infrastruktuur, is sosiale infrastruktuur ook belangrik vir die groei in toerisme ✓✓
- Meeste van die ROIs en ontwikkelingskorridors het toerisme as ‘n belangrike fokuspunt ✓✓ (8)

**Huishoudings**

- Lede van 'n huishouding verdien inkomste uit toerismesektor as toergidse, toeragente ✓✓
- Baie huishoudings is indirek betrokke by toerisme as werkgewers ✓✓ bv. in hotelle en die vervoersektor ✓✓
- Entrepreneurs uit huishoudings funksioneer as produsente van aandenkings of musikante ✓✓
- 'n groot aantal huishoudings verkry vaardighede in die toerisme industrie ✓✓
- Skool kurrikulum en leerderskappe bied geleenthede om hierdie vaardighede te verkry ✓✓
- Moedig landelike ontwikkeling aan omdat toeriste-attraksies meestal in landelike gebiede gelee is ✓✓ (8)

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord)
(Ken 'n maksimum van 8 punte toe vir blote opnoem van feite/voorbeelde)

(Maks 26)

**ADDISIONELE DEEL**

Toerisme kan suksesvol bemark word in minder gewilde bestemmings deur:

- advertering van besigheid-aantreklikhede in 'n verskeidenheid media insluitende sosiale media en internet wat beide plaaslike en internasionale potensiële toeriste betrek ✓✓
- te fokus op 'n duidelike boodskap wat konsentreer op die krag van die attraksie/ uniekheid van die bestemming ✓✓
- gebruikmaking van inheemse kennisstelsels wat in daardie spesifieke gebied beskikbaar is ✓✓
- beskrywing van die diens wat aangebied word op die bes moontlike wyse om die belangstelling van die moontlike toeris te trek ✓✓ bv. die gebruik van 'n slagspreuk ✓
- heffing van 'n prys wat mededingend is en goeie besteding is van geld vir die diens aangebied ✓✓
- hulp aan toeriste om die totale diens as waarde vir geld te ervaar – lewer ‘n wereldklas besoek ondervinding ✓✓
- beklemtoning van ander interessante plekke in die omgewing as deel van die pakket ✓✓
- fokus op trots Suid-Afrikaans produkte/dienste (Sho’t left veldtog) ✓✓
- help benadeelde Suid-Afrikaners om voordeel te trek uit toeriste-attraksies in die minder populere bestemmings ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord) (Maks 10)

**SLOT**

'n Swakker wisselkoers is 'n groot bydraende faktor tot die groei in Suid-Afrika se toeriste-industrie oor die afgelope aantal jare ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Maks 2) **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou